'GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

AFRIKAANS HUISTAAL
(Eerste Vraestel)

TYD: 2 uur

PUNTE: 70

INSTRUKSIES EN INLIGTING

- Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A, B en C.

AFDELING A:	Kyk en Leesbegrip	(VRAAG 1)
AFDELING B:	Opsomming	(VRAAG 2)
AFDELING C:	Taal	(VRAAG 3)

- Beantwoord AL die vrae.
- Begin elke afdeling op ŉ nuwe bladsy.
- Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
- Nommer in die middel van die bladsy en laat ŉ reël tussen jou antwoorde oop.
- Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.
- Skryf netjies en leesbaar met blou ink.

AFDELING A

KYK EN LEESBEGRIP

VRAAG 1

KOERANTARTIKEL, UITTREKSEL EN ADVERTENSIE

KOERANTARTIKEL

Só is ma's nie te skadelik vir kroos

Gooi wal

Susan Samuel

1. Dis spanningsvol om 'n ouer te wees.

2. Waar jy kyk, is vermanings en studies oor die impak van alledaagshede op jou kind se psige, intelligensie en liggaamlike ontwikkeling.

3. En dis moeilik om dit te ignoreer, want niemand wil willens en wetens verantwoordelik wees vir jou kind se agterstand nie.

4. Onder my vriendinne het ons al benamings vir onsself. Dié een is 'n skedulema – haar kind se dag werk op 'n rooster.

5. Daai een is 'n voedingsma – haar kind se kosinname is die spilpunt van haar dag. Hierdie een is weer 'n aksiema – haar kinders word van een aktiwiteit na die ander aangery – terwyl daardie een as 'n *chill*-ma beskryf word – haar kinders pas maar aan by die omstandighede soos wat dit ontwikkel.

6. Ek is die dissiplinema – baie gefokus op praat net een keer, tweede waarskuwings en dies meer. Dit verg konsentrasie nes elke ander "gebied" waarop die ma's spesialiseer, en is ook 'n maklike afskoppunt vir kritiek.

7. Natuurlik sal elkeen van ons graag op meervoudige aspekte wil fokus – ons is immers oorbewus dat ons fokus juis die balans ontwrig en moontlike permanente gevolge vir die bloedjies kan inhou.

8. Skedulema se kind kan 'n geneigheid ontwikkel om altyd laat te wees, terwyl voedingsma se kind oorgewig of anoreksies word. Aksiema kweek dalk 'n luiaard, terwyl *chill-ma* 'n angstige en gespanne kind kry.

9. En my kind kan dalk net die stoutste klein wetter in Gauteng raak.

10. 'n Mens weet nooit.

11. Daarom het ons, tipies ma, 'n oplossing gekry, ons kuier gereeld saam en sorg dat die kinders by is. Sodoende behou elke ma haar fokus, maar sluit net meer kinders by haar poging in.

12. Terwyl voedingsma sorg dat elke kind se bordjie kos die regte voedselsoorte bevat, sal aksiema sorg dat die dag nie sonder aktiwiteite is nie.

13. Skedulema sal seker maak dat alles op die regte tyd plaasvind, terwyl *chill-ma* 'n gevoel van ontspanne gelatenheid oor die dag se gebeure gooi, waar elke krisis of konfrontasie afgewater word tot 'n niefaktor.

14. En ek praat kwaai en lê reëls neer, los die alewige "dis myne!" op en wees konsekwent en regverdig wanneer daar gebyt, geslaan of geskop word.

15. Ek wil dit nie hardop sê nie, maar ek dink ek werk seker die hardste.

16. Maar dit maak alles die moeite werd wanneer ek weet dat ek vir één dag nie hoef te dink aan watter soort kos in my kind se maag eindig nie.

" **EN MY KIND KAN DALK**

NET DIE STOUSTE KLEIN

WETTER IN GAUTENG RAAK .."

[Uit: *PLUS* 2003]

1.1 Watter WOORD in paragraaf 1 verduidelik hoe die spreker voel? (1)

1.2 Lees weer die subopskrif. Watter gevolgtrekking / voorspelling kan jy oor die inhoud van die teks hieruit maak? (2)

1.3 Spreek jou in EEN sin uit oor die gepastheid van die trant waarin die artikel geskryf is. (1)

1.4 Wat impliseer "… dit verg konsentrasie nes elke ander gebied ..." (paragraaf 6)? (1)

1.5 Die **ma's** het hul eie oplossing gevind. Stem jy saam met die oplossing? Motiveer jou antwoord. (2)

1.6 Die spreker in die teks sê dat sy gesag kan handhaaf. Bewys die stelling deur **twee** woorde uit die leesstuk aan te haal. (2)

1.7 Watter verband is daar tussen paragraaf 4, 5 en 6? Kies slegs die korrekte antwoord. (1)

1.7.1 Redegewend

1.7.2 Teenstellend

1.7.3 Aaneenskakelend

1.8 Wat is die hoofdoel van die koerantartikel? (1)

EN

UITTREKSEL

WALVISSE **EN** DOLFYNE
(THE DOLPHIN ACTION AND PROTECTION GROUP)

1. **Almal het al die** "Red die walvis"-uitroep op motorplakkers of T-hemde gesien. Selfs dalk liggies gespot met die aangepaste "Vergeet die walvis, red die mens."

2. Tog is dit seker een van die noemenswaardigste ekogroepe in die land, die *Dolphin Action and Protection Group* (DAPG) wat in 1970 deur Nan Rice gestig is.

3. Nie net het die groep gesorg dat wetgewing vir die beskerming van dolfyne in 1973 gepromulgeer is nie; hy het ook die Red die Walvis-veldtog in 1970 van stapel gestuur. Hy het soveel druk op die owerheid geplaas dat 'n wet ter beskerming van walvisse in Suid-Afrikaanse viswaters nou afgedwing word. Danksy die groep spog ons vandag met van die strengste regulasies vir die beskerming van die *Cetacea Spp.* (wat dolfyne, walvisse en seevarke insluit) ter wêreld.

4. Die groep het ook in 1979 die *Dolphin Whale Watch*-projek geloods waarin inligting oor die diere ingesamel word vir navorsingsdoeleindes.

5. In 1988 het die groep met 'n baie suksesvolle projek begin: die *Prevent Plastic Pollution*-veldtog, en nog een wat tot die Verenigde Nasies oorreed het om 'n moratorium op dryfnette te plaas.

6. Die groep het ook die voortou geneem met die beskerming van witdoodshaaie; die regering het die beskerming wet gemaak.

Bel 021 782 5845, info@dapg.org.za of besoek www.dapg.org.za.

[Verwerk uit: *Mooiloop*, Desember 2008]

1.9 Watter belangrike funksie het die organisasie na aanleiding van die sub-opskrif? (1)

1.10 Kyk na die lettertipe in die eerste reël en sê waarom die woorde “Almal het al die” in vetdruk (bold) getik is. (1)

1.11 Lees weer paragraaf 3. Watter twee belangrike deurbrake het Nan Rice en sy groep in chronologiese volgorde gemaak? (2)

1.12 Hoe sou jy die woord **'gepromulgeer’** verduidelik? (1)

1.13 Hoe het Nan Rice en sy groep te werk gegaan om te verseker dat Suid-Afrika vandag as baanbrekers gesien kan word? Haal een sin uit die teksgedeelte aan. (1)

1.14 Verduidelik waarom *Cetacea Spp,* kursief gedruk is. (1)

1.15 Watter bydrae, dink jy, kan die gewone mens lewer om te verseker dat Nan Rice en sy groep se poging voortleef? (1)

1.16 ‘Die groep het ook in 1979 die *Dolphin Whale Watch*-projek geloods’. Dui aan of hierdie stelling ’n FEIT of ’n MENING is. (1)

1.17 Met watter uitroep vereenselwig jy jouself: “Red die walvis” **of** “Red die mens”?

Verdedig jou keuse (standpunt) kortliks in **twee volsinne**. (2)

ADVERTENSIE



Hoe Afrikaans is jy?

Sanlam ondersteun Afrikaans met borgskappe vir radiodrama, toneel, romans en jeuglektuur. Vars stories in jou eie taal, net soos dit jou pas.
Ons dink vooruit. En jy?

www.sanlam.co.za

Sanlam
Ons dink vooruit

[Uit: *Insig:* Somer 2009]

1.18 Wie is die adverteerders? (1)

1.19 Skryf die logo van die advertensie neer. (1)

1.20 Watter oordeel spreek die kopieskrywer met die vraag **'Hoe Afrikaans is jy?'** uit? (1)

1.21 Hoe stel die adverteerders die leser in staat om die vraag in Vraag 1.20 te beantwoord? (1)

1.22 Watter emotiewe waarde het die gebruik van die woord 'jou' in: "… in jou eie taal, net soos dit jou pas." (1)

1.23 Wat is jeuglektuur? (1)

1.24 Verskeie argumente word daagliks oor die belangrikheid van **moedertaalonderrig** aangevoer. Wat is jou standpunt hieroor? Gee jou antwoord in **twee** volsinne weer. (2)

TOTAAL AFDELING A: [30]

AFDELING B
OPSOMMING

VRAAG 2

Lees die onderstaande artikel oor dr. Gerhard Verdoorn, "die aasvoëlman", wat in die tydskrif *Weg* verskyn het sorgvuldig deur. Gee die antwoorde op die onderstaande vrae in **EEN PARAGRAAF** weer. Jy mag nie meer as **80 woorde** altesaam in jou antwoord gebruik nie. Dui die getal woorde aan wat jy gebruik het.

1. Waarom word dr. Gerhard Verdoorn "die aasvoëlman" genoem?

2. Wat is sy akademiese agtergrond?

3. Watter standpunte huldig hy oor die gebruik van plaag- en insekdoders?

4. Wat is sy sienswyse oor die onwettige doodmaak van wilde diere?

Skryfbeginsels

1. Telegramstyl is onaanvaarbaar. Alle vrae moet in volsinne beantwoord word.
2. Dui die getal woorde aan wat jy gebruik het.
3. Punte sal vir lengte-oorskryding afgetrek word.
4. Jy moet **EEN** paragraaf skryf.

Daar kom die aasvoëlman

Wanneer jy 'n e-posboodskap van dr. Gerhard Verdoorn kry, val sy "signature" jou dadelik op: Bo sy naam is Hebreeuse letters en onderaan staan: *"May you soar on the wings of a Cape Griffon."*

Al twee het te maak met dié gifkenner se liefde vir aasvoëls.

"Ek het sewe jaar lank elke naweek in die Magaliesberg deurgebring om hulle te bestudeer", vertel hy. Aan die begin het almal gedink aasvoëls is vuil, lelik en hulle stink ... Maar daai voëls is *magic*!"

Die Hebreeuse skrif beteken "aasvoël, seun van die woestyn." Gerhard is só lief vir die aasvoëls dat hy in sy testament bepaal het dat sy oorskot vir hulle gevoer moet word wanneer hy eendag sterf.

Gerhard is nie bang vir sterk menings of omstredenheid nie. Hy was tot vroeër vanjaar die direkteur van Birdlife SA, ná jare by die Trust vir Bedreigde Natuurlewe, maar jag ook – iets wat groenes laat skrik. Hy glo gif kan positief aangewend word.

Sy akademiese wortels lê in organiese chemie. Hy het 'n doktorsgraad aan die destydse RAU verwerf en daarna in Israel verder gestudeer.

Deesdae bedryf hy sy eie gifinligtingslyn wat dag en nag beskikbaar is en hy kry sowat 20 000 oproepe per jaar.

"Ek hanteer gevalle wat weens die gebruik van plaagdoders ontstaan. Dit word meestal gebruik, omdat mense geen kundigheid het nie, arrogant is en nie die etiket lees nie. Die uitwerking op die omgewing is enorm.

Mense gaan verkeerd te werk; koop die goedkoopste gif vir die kakkerlak in jou huis en spuit hom.

Of gooi gif op die skaapkarkasse vir die jakkalse wat aas, en môre vrek alles op die plaas.

Ons stelsel is nog nie by 'n punt waar ons aanvaar dat om 'n wilde dier onwettig dood te maak dieselfde strafbare misdryf is as om 'n mens te vermoor nie. Mense het hulleself tot goddelike wesens verhef. Die mens is net 'n ongedierte.

Wat my grief, is as jy 160 km/h op die snelweg ry, word jy gestop en in hegtenis geneem. Maar as jy 'n klomp aasvoëls uitwis of 'n luiperd vergiftig, kom jy skotvry daarvan af.

Die mens se vooruitgang beteken vir my die natuur se agteruitgang.

[Verwerk uit *Weg*, Januarie 2009]

TOTAAL AFDELING B: [10]

AFDELING C
TAAL

VRAAG 3

Raadpleeg die voorblad van *Boeke/Insig* (Somer 2009) en beantwoord die daaropvolgende vrae.



3.1	Gee ‘n sinoniem vir *insig*.	(1)
3.2	Gee die funksie van die akuut op **ná**.	(1)
3.3	Gee EEN woord vir iemand wat hengel.	(1)
3.4	Gebruik die woord **roer** as ‘n byvoeglike naamwoord in ’n sin.	(1)
3.5	Maak ‘n sin met die homoniem van **skool**.	(1)
3.6	Wat word met ‘wavrag’ bedoel?	(1)
3.7	‘Kruidjies wat jou roer’, laat ’n mens dink aan ’n persoonsnaam vir iemand wat liggeraak, prikkelbaar en opvlieënd is. Skryf die persoonsnaam neer.	(1)
3.8	Skryf 40 jaar op ’n verkorte wyse.	(1)
3.9	Skryf die stam van ‘ingesluit’ neer.	(1)
3.10	Tot watter woordsoort behoort ‘Groot’?	(1)
3.11	“Dana & Johan Bakkes sien saam die Groot Gat.” Gee ’n moontlike betekenis wat aan bogenoemde sin gekoppel kan word.	(1)
3.12	Gee die spelreël wat ‘Groot Gat’ se skryfwyse met hoofletters bepaal.	(1)
3.13	Wat is die funksie van die uitroepteken na R 3 000!?	(1)

EN

Die Wêreld se Liefling word 90

Nelson Mandela,
Suid-Afrikaanse ikoon in murg en been.

U **droom** was om 'n nasie te verenig, en u het dit 'n **WERKLIKHEID** gemaak. U onwrikbare **geloof** daarin om mense bymekaar te bring en u voortdurige **OPREGTHEID** het ons land help vorm sedert die dramatiese veranderinge in 1994. Maar dis nie waar u drome geëindig het nie.

U **liefde** vir ons jeug, ons toekoms, het u aangespoor om die **NELSON MANDELA CHILDREN'S FUND** te stig, wat tot vandag toe nog help om kinders hulle volle potensiaal te laat bereik, en vir hulle die geleentheid te gee om 'n beter toekoms vir hulself te skep.

So ter ere van u **vrygewige gees** en u liefde vir ons jongmense, sal ons **VYFHONDERD 'CHICKY MEALS'** aan die Nelson Mandela Kinderfonds skenk. Ons glo dis die minste wat ons kan doen vir die man wat niks minder as sy als gegee het vir ons **WONDERLIKE NASIE** nie.

3.14 Skryf **90** in woorde uit. (1)

3.15 Gee die meervoud van **werklikheid**. (1)

3.16 Een van die kenmerke van Afrikaans is die taal se vermoë om nuwe woorde te vorm. Skep 'n nuwe Afrikaanse woord vir **Chicky Meals.** (1)

3.17 Al die klein (veranderinge) in ons land het 'n geweldige indruk op die buitewêreld gemaak. Skryf die sin korrek oor. (1)

3.18 Skryf die sin **Maar dis nie waar u drome geëindig het nie** oor in die vraende wyse. (1)

3.19 Skryf die ontbrekende trappe van vergelyking waarin 'beter' voorkom neer. (1)

3.20 Vervang die kommas wat in die eerste sin van paragraaf 2 voorkom met 'n ander leesteken sonder om die betekenis van die sin te verander. (1)

3.21 Skryf: "Ons sal vyfhonderd 'Chicky Meals' aan die Nelson Mandela Kinderfonds skenk" in die lydende vorm.

Begin met: Vyfhonderd … (1)

3.22 Nelson Mandela reik steeds 'n (help) hand uit om kinders se volle potensiaal te ontwikkel. Vorm 'n onvoltooide deelwoord van die woord tussen hakies. (1)

3.23 Verbeter die skryfwyse van **als** in die laaste paragraaf. (1)

EN

3.24 Verbeter die spelfout in: "Ek kan sien dat sommige mense hul prioriteite moet reg kry." (1)

3.25 Gee die **denotasie** van **nagmerrie**. (1)

3.26 Watter **konnotasie** heg die spreker aan **nagmerrie**? (1)

3.27 Brei die sin in die eerste raam (bl. 13) met 'n byvoeglike bysin uit. Skryf die sin neer en onderstreep die byvoeglike bysin wat jy bygevoeg het. (1)



[Uit: *Beeld,* 21 Januarie 2009

3.28 be del (ww) (gebedel) 1. Geld, klere, kos vra (omdat 'n mens arm is): Die gebreklike outjie bedel op straat. 2. Smekend vra, soebat: 'n Guns bedel. Ag buurvrou, ek kom bedel weer 'n bietjie suiker.
Be delaar s.nw. (-s) Persoon wat openlik geld, kos, klere vra: Bedelaars kan baie lastig wees, veral vir toeriste.

[Uit: *HAT*: Vyfde Uitgawe, 2005]

3.28.1 Skryf net die lettergreep wat by die uitspraak van die woord '*bedel*' beklemtoon word neer. (1)

3.28.2 Gee die gepaste idioom wat by die spotprent aansluit wat daarop dui dat die Afrika-lande besig is om te bedel. Gebruik die woord **hoed** as leidraad om die idioom te vind. (1)

3.28.3 **Voltooi**: President Barack Obama moet die Afrika-lande welkom … deur die korrekte antwoord uit die volgende moontlikhede te kies.

(a) onthaal
(b) sê
(c) heet
(d) groet (1)

TOTAAL AFDELING C: [30]

TOTAAL: 70

EINDE